

Die sistematies-teologiese betekenis van  
menslike behoeftes

C J Pauw

2005

... vir Jeanette

## Voorwoord

Die voltooiing van hierdie proefskrif bring 'n aantal aspekte uit 'n besonder verrykende fase van my lewe byeen. Ek het oor die afgelope jare meer geleer as op enige ander stadium van my lewe. Dit was omdat ek die voorreg gehad het om terwyl ek studeer het, ook met die praktyk van kerklike bediening aan arm mense besig te wees. Daarmee saam kon ek, as navorser by die Nova Instituut saam met besonder kundige en toegewyde kollegas navorsing oor verskeie aspekte van die lewens van arm mense doen. Ek het ook die voorreg gehad om 'n besoek van drie maande aan die Vrije Universiteit van Amsterdam te bring waarvoor ek daardie instelling en die borge van die *Bruggen en Breuken* program van harte dankbaar is.

Ek was dus in die afgelope jare tegelyk besig met teologiese studie en oordenking, sosiale navorsing en praktiese kerklike werk. Hierdie uiteenlopende verpligtinge het die voltooiing van hierdie studie vertraag, maar tot 'n sekere mate ook die karakter daarvan bepaal.

In die eerste deel wend ek die *loci* van die dogmatiek heuristies aan om die betekenis van menslike behoefte binne die Christelike geloof te probeer bepaal. Hier probeer ek om my eie teologie te formuleer en om hierdie gedeelte nie eerstens aan die hand van 'n bestaande teoloog se werk te doen nie. Die rede hiervoor is omdat ek al lankal die geleentheid soek om my eie denke oor my geloof te begin formuleer. Die leser sal in elk geval merk dat hierdie formulering se gereformeerde wortels duidelik sigbaar is. Die styl van deel een is eerder meditatief as tradisie-histories, analities of eksegeties. By die seleksie van materiaal word uitsluitlik die heuristiese nut daarvan vir die blootlegging van 'n Christelike behoefteleer oorweeg.

As deel van die voorgeskrewe tentamena wat ek voor die aanvang van hierdie proefskrif afgelê het, het ek kennis gemaak met die teologie van Wolfhart Pannenberg en later met dié van Karl Barth. Hierdie twee teoloë het 'n besondere invloed op my eie denke gehad, tot so 'n mate dat ek hulle navolg

waar ek dit soms nie eers agterkom nie. Die leser sal dit veral in hoofstuk nege agterkom. Omdat ek in elk geval vir die *locus* van die antropologie gespreksgenote benodig het weens die antropologiese aard van die ondersoek en om my afhanklikheid van Barth en Pannenberg metodologies sigbaar en ook bruikbaar te maak, ontgin ek in hoofstuk vier twee teologies-antropologiese werke van onderskeidelik Barth en Pannenberg in redelike detail. Die leser sal egter deur die loop van die res van die studie agterkom watter belangrike rol juis hierdie oefening in die geheel speel.

Die groot invloed wat populêre sekulêre begrippe ook in kerklike bediening aan arm mense uitoefen is die belangrikste dryfveer vir die tema van deel twee van hierdie studie. Ek het deur die loop van my betrokkenheid by praktiese armoedverligting en sosiale navorsing onder die indruk gekom dat mensbeeld en spesifiek die onderliggende beskouing van behoeftes, 'n bepalende rol in die praktyk van steun aan arm mense speel. Ek het ook onder die indruk gekom dat Christene betrokke in hierdie praktyk nie 'n antwoord het op die sekulêre behoefte-beskouings nie, en self nie 'n outentieke formulering van die betekenis van die inhoud van hulle geloof vir die tema van menslike behoeftes kan gee nie. Ek onderneem in die eerste plek hierdie studie om my self in daardie taak te sterk, maar ook om 'n bydrae te kan maak tot groter duidelikheid oor hierdie onderwerp binne kerklike kringe.

Hierdie studie is redelik skerp afgegrens van twee belangrike teologiese dissiplines. Die redes is in die eerste plek om die omvang van die studie, wat reeds uiteenlopende dele bevat, te beperk. Ten eerste bevat dit geen eksegeese of Bybelse teologie nie. Deur nie direk na die Bybel te verwys nie, ontken ek nie die fundamentele rol van die Bybel in die sistematiese teologie nie. Ek werk met Bybelse en teologiese gegewens in groter brokke (*larger chunks: W v O Quine*). Waar ek op plekke skrifgedeeltes aanhaal, funksioneer dit meermale as 'n soort 'n motto. Ek gee op sulke plekke nie teksverwysings nie omdat ek die tekste eerder as Bybelse temas of motiewe gebruik en nie tradisie-histories of eksegeties na 'n spesifieke teks wil verwys nie.

Behalwe vir 'n enkele voorbeeld in hoofstuk sewe bevat hierdie studie geen verwysing na die praktyk van kerklike armoedeverligting of sosiale navorsing in die Suid-Afrikaanse konteks, wat tot 'n groot mate my voltydse werk is, nie. Selfs deel drie handel oor die sistematies-teologiese basis van praktiese werk en nie oor die empiriese werk self nie. Waar baie van my dag-tot-dag werk oor die vraag na die praktiese en die empiriese handel, is hierdie studie gerig op die fundamentele.

Ek is dank verskuldig aan soveel mense. Ten eerste aan my vrou vir die

volgehoue liefde en ondersteuning wat ek sonder ophou van haar ontvang. Ek beleef in my lewe saam met haar hoe 'n medemens die medium van die teenwoordigheid van God kan wees. My pa en broers is altyd ywerig om met my oor teologie te praat. Dit is ter wille van denkende en gelowige mense soos hulle dat dit die moeite werd is om sistematiese teologie te beoefen. Die insette wat my kollegas in my lewe maak is vir my besonder waardevol. Aan dr. Attie van Niekerk en Montagu Murray met wie ek al 'n jarelange verbintenis het, is ek besonder dankbaar vir die insette wat hulle op persoonlike, akademiese en professionele vlak in my lewe maak. My vriend Dr Ernst Wolff het my intellek op meer maniere gevorm as wat ek kan onthou. Ek wil hier in besonder vir Professor Conrad Wethmar bedank dat hy al jare gelede, toe ek nog 'n voorgraadse student was, my belangstelling vir die sistematiese teologie geprikkel het. Vir sy leiding met hierdie proefskrif, veral vir sy persoonlike styl, is ek besonder dankbaar. Ek waardeer dit dat hy my toelaat om my eie persoonlike teologiese styl te ontwikkel.

# Inhoudsopgawe

Voorwoord	i
Samevatting	xii
<b>1 Die belang van behoeftes as tema</b>	<b>1</b>
1.1 Die taak van die dogmatiek . . . . .	1
1.2 Omvang en metode . . . . .	15
1.2.1 Inhoud en metode van Deel 1: 'n Analise van die sistematies-teologiese betekenis van menslike behoeftes aan die hand van die <i>loci</i> van die dogmatiek . . . . .	16
1.2.2 Inhoud en metode van Deel 2: Die intervlak tussen 'n sistematies-teologiese behoefte-antropologie en sekulêre behoefte-antropologie . . . . .	18
1.2.3 Inhoud en metode van Deel 3: Die taak van die kerk in die lig van die menslike behoeftes . . . . .	20
1.3 Behoeftes in belydenis en praktyk . . . . .	20
1.3.1 Die belang van menslike behoeftes vir die kerk se belydenis en getuienis . . . . .	20
1.3.2 Die belang van menslike behoeftes binne die huidige konteks . . . . .	24
1.3.2.1 Sekulêre mensbeelde kompeteer met 'n Christelike antropologie . . . . .	24
1.3.2.2 Die kloof tussen arm en ryk . . . . .	24
1.3.3 Behoeftes-antropologie en kerklike praktyk . . . . .	28
1.3.3.1 Behoeftes-antropologie bepaal <i>watter</i> behoeftes vervul moet word en watter vervullers gebruik mag word . . . . .	28

INHOUDSOPGAWE

v

1.3.3.2	Behoeftte-antropologie bepaal <i>wanneer</i> behoefttes vervul moet word . . . . .	29
1.3.3.3	Behoeftte-antropologie bepaal die <i>prioriteit</i> van behoefttevervulling . . . . .	29
1.3.3.4	Behoeftte-antropologie bepaal die <i>agent</i> van behoefttevervulling . . . . .	30
1.4	Behoefttes as onderontwikkelde tema . . . . .	30

**I 'n Analise van die sistematies-teologiese betekenis van menslike behoefttes aan die hand van enkele *loci* van die dogmatiek 35**

**2 Die loci van die dogmatiek 36**

2.1	Die vraag na die loci . . . . .	37
2.1.1	Tradisionele en moderne indelings van dogmatiese stof . . . . .	38
2.1.2	Die keuse van <i>loci</i> vir hierdie studie . . . . .	41
2.2	Die inhoud van die <i>loci</i> . . . . .	42
2.3	Menslike behoefttes as prolegomena . . . . .	43
2.3.1	Paul Tillich se korrelasiemetode . . . . .	44
2.3.2	Die fenomeen van godsdiens as <i>prolegomenon</i> . . . . .	50
2.3.3	Behoefttes as <i>prolegomena</i> tot die ateïsme . . . . .	53

**3 Menslike behoefttes en die Godsleer 55**

3.1	Die Godsleer . . . . .	56
3.1.1	Die eienskappe van God en menslike behoefttes . . . . .	56
3.1.2	Skepping, voorsienigheid en menslike behoefte . . . . .	57
3.2	Die Christologie . . . . .	67
3.2.1	Inhoud van die Christologie . . . . .	67
3.2.2	Jesus as behoeftige mens . . . . .	68
3.2.3	Behoeftte en verlossing . . . . .	69
3.2.3.1	Verlossing in die eskatologiese sin . . . . .	69
3.2.3.2	Verlossing in die immanente sin as geloof, hoop en liefde . . . . .	70
3.2.3.2.1	Hoop . . . . .	71
3.2.3.2.2	Geloof . . . . .	74
3.2.3.2.3	Liefde . . . . .	78
3.3	Die Pneumatologie . . . . .	83

3.3.1	Wedergeboorte . . . . .	83
3.3.2	Die gawes van die Gees . . . . .	86
3.3.3	Die ervaring van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige: Die vrug van die Gees . . . . .	88
<b>4</b>	<b>Twee antropologiese ontwerpe</b>	<b>90</b>
4.1	Barth se KD III/2 . . . . .	93
4.1.1	Die plek van KD III/2 binne die werk van Barth . . . . .	93
4.1.2	Opbou en inhoud van die werk . . . . .	93
4.1.3	Die mens as teologiese probleem . . . . .	93
4.1.3.1	Die mens in die kosmos. . . . .	93
4.1.3.2	Die mens is die onderwerp van teologiese kennis	94
4.1.4	Die mens as skepsel van God . . . . .	96
4.1.4.1	Jesus: die mens vir God . . . . .	96
4.1.4.2	Die fenomene van die menslikheid . . . . .	97
4.1.4.3	Die ware mens . . . . .	100
4.1.5	Die mens in sy bestemming as bondgenoot van God . . . . .	102
4.1.5.1	Jesus die mens vir ander mense . . . . .	102
4.1.5.2	Die basiese vorm van die menslike . . . . .	102
4.1.5.3	Die mens as gelykenis en hoop . . . . .	103
4.1.6	Die mens as liggaam en siel . . . . .	105
4.1.7	Die mens in sy tyd . . . . .	107
4.1.7.1	Jesus die Heer van die tyd . . . . .	107
4.1.7.2	Gegewe tyd . . . . .	108
4.1.7.3	Toegekende tyd . . . . .	110
4.1.7.4	Beginnende tyd . . . . .	111
4.1.7.5	Eindigende tyd . . . . .	112
4.1.8	Die implikasies van Barth se antropologie vir 'n Chris- telike behoefte-antropologie . . . . .	114
4.1.8.1	Die mens as deel van die skepping beteken ons materiële behoeftes is deel van ons aard . . . . .	114
4.1.8.2	Die mens as onderwerp van teologiese kennis beteken dat ons God moet ken om onself te ken . . . . .	115
4.1.8.3	Die Mens as skepsel van God beteken 'n mens het God nodig . . . . .	118
4.1.8.4	Die mens in sy bestemming as bondgenoot van God . . . . .	124



INHOUDSOPGAWE

vii

4.1.8.5	Die mens as liggaam en siel . . . . .	125
4.1.8.6	Die mens in sy tyd . . . . .	132
4.2	Pannenberg se teologiese antropologie . . . . .	134
4.2.1	Opbou en inhoud van die werk . . . . .	134
4.2.1.1	Voorwoord . . . . .	134
4.2.2	Afdeling 1: Die persoon in die natuur . . . . .	136
4.2.2.1	Menslike uniekheid . . . . .	136
4.2.2.2	Wêreld-openheid en beeld van God . . . . .	137
4.2.2.3	Sentraliteit en sonde . . . . .	140
4.2.3	Afdeling 2: Die menslike persoon as sosiale wese . . . . .	142
4.2.3.1	Subjektiwiteit en gemeenskap . . . . .	142
4.2.3.2	Die identiteitsprobleem . . . . .	144
4.2.3.3	Identiteit en nie-identiteit as tema van die af- fektiewe lewe . . . . .	148
4.2.4	Afdeling 3: Die gedeelde wêreld . . . . .	152
4.2.4.1	Die gronde van kultuur . . . . .	152
4.2.4.2	Kulturele singewing deur sosiale institusies . . . . .	155
4.2.4.3	Mensdom en geskiedenis . . . . .	158
4.2.5	Die implikasies van Pannenberg se argument vir 'n Christelike behoefteleer . . . . .	163
<b>5</b>	<b>Sonde en behoefte</b>	<b>167</b>
5.1	Inhoud van die hamartologie . . . . .	167
5.2	Basiese konsepte in die sondeleer . . . . .	168
5.3	Sonde as onvermoë . . . . .	176
5.3.1	Sonde en geskiedenis . . . . .	176
5.3.2	Behoeftes en onvermoë . . . . .	179
5.4	Sonde as besoedeling . . . . .	180
5.4.1	Die erfsonde en die behoefte aan persoonlike groei . . . . .	181
5.4.2	Die erfsonde en sosiale behoeftes . . . . .	182
5.4.3	Die erfsonde en kultuur . . . . .	188
5.5	Sonde as skuld . . . . .	192
<b>6</b>	<b>Menslike behoeftes en die kerk</b>	<b>197</b>
6.1	Inhoud van die ekklesiologie . . . . .	197
6.2	Die dimensies van die kerk en behoeftes . . . . .	198
6.2.1	Die eenheid van die kerk en die behoefte aan gemeenskap	199

6.2.2	Die heiligheid van die kerk en die mens se verhouding tot God . . . . .	200
6.2.3	Die apostolisiteit van die kerk en die volgehoue relevansie van Jesus vir elke mens . . . . .	204
6.2.4	Die katolisiteit van die kerk en die kontinuïteit en universaliteit van menslike behoeftes . . . . .	206

## **II Die intervlak tussen 'n sistematies-teologiese behoefte-antropologie en sekulêre behoefte-antropologieë 208**

<b>7</b>	<b>Eksplisiete behoefte-antropologieë</b>	<b>214</b>
7.1	Behaviorisme . . . . .	214
7.1.1	'n Kort oorsig oor enkele belangrike bydraers uit die behaviorisme . . . . .	214
7.1.2	Die gedragspsigologie se definisie van behoeftes . . . . .	221
7.2	Die dieptepsigologie . . . . .	223
7.2.1	'n Kort oorsig oor enkele belangrike bydraers uit die dieptepsigologie . . . . .	223
7.2.1.1	Die begin van die dieptepsigologie . . . . .	223
7.2.1.2	Freud en Breuer se artikel van 1893 . . . . .	224
7.2.1.3	Die ontwikkeling van Freud se terapeutiese metode en teoretiese model . . . . .	224
7.2.1.4	Enkele verdere ontwikkelinge in die dieptepsigologie . . . . .	229
7.3	Die oriëntasie op laer behoeftes . . . . .	234
7.4	Abraham Maslow . . . . .	237
7.4.1	Inleiding . . . . .	237
7.4.2	Maslow se <i>Theory of Human Motivation</i> . . . . .	237
7.4.2.1	Die konsep van pre-potensie . . . . .	238
7.4.2.2	Die aanhoudendheid van behoeftes . . . . .	240
7.4.3	Maslow se taksonomie van behoeftes . . . . .	243
7.4.3.1	Vlak 1: Materiële behoeftes . . . . .	243
7.4.3.2	Vlak 2: Sosiale behoeftes . . . . .	249
7.4.3.3	Vlak 3: Selfverwesenlikings of morele behoeftes . . . . .	250
7.4.3.4	Die instinkmatigheid van hoër behoeftes . . . . .	255
7.4.4	Kritiese evaluering van Maslow se behoefte-hiërargie . . . . .	257

7.4.4.1	Maslow se bydrae: 'n draaipunt weg van dierlike determinisme . . . . .	257
7.4.4.2	Hiërargie . . . . .	259
7.4.4.3	Die dimensie van tydsverloop <i>versus</i> absolute moment . . . . .	262
7.4.4.4	Die verwarring van behoeftes en vervullers . . . . .	263
7.4.4.5	Die sosiale betekenis van Maslow se hiërargie van behoeftes . . . . .	264
7.4.4.6	Die keuse van gesonde mense . . . . .	265
7.5	Manfred Max-Neef . . . . .	268
7.5.1	Ontstaanskonteks . . . . .	268
7.5.1.1	Ontwikkeling en monetarisme . . . . .	268
7.5.1.2	Die <i>Desarollo a Escala Humana</i> projek . . . . .	270
7.5.2	Behoeftes . . . . .	270
7.5.3	Vervullers . . . . .	272
7.5.4	Skaal en effektiwiteit . . . . .	275
7.5.5	'n Voorbeeld : Navorsing gedoen by Mulati in die Limpopo-provinsie . . . . .	277
7.5.5.1	Dag 1: Matriks van negatiewe vervullers . . . . .	278
7.5.5.2	Dag 2: Matriks van positiewe vervullers . . . . .	280
7.5.6	Samevatting: Max-Neef en die basiese vrae oor behoeftes . . . . .	282
7.6	Murray en Pauw . . . . .	283
7.6.1	Agtergrond . . . . .	283
7.6.2	Analise vanuit die perspektief van behoefte . . . . .	284
7.6.2.1	Die identifisering van <i>aspekte van behoeftes</i> . . . . .	284
7.6.3	Analise vanuit die perspektief van bevredigers . . . . .	290
7.6.4	Praktiese aanwending van die analitiese raamwerk . . . . .	294
<b>8</b>	<b>Implisiete behoefte-antropologie</b> . . . . .	<b>295</b>
8.1	Doel en metode van hierdie hoofstuk . . . . .	295
8.2	Behoefte, begeerte en vraag . . . . .	296
8.2.1	Vraag . . . . .	297
8.2.2	Begeerte . . . . .	298
8.2.3	Behoefte . . . . .	301
8.2.3.1	Die 'basiese behoefte' benadering . . . . .	301
8.2.3.2	Sen bydrae tot die ontwikkelings-ekonomie . . . . .	303

<b>9</b>	<b>Gevolgtrekking van deel 1 en 2</b>	<b>306</b>
9.1	Inhoud en werkswyse . . . . .	306
9.2	Die basiese struktuur van 'n Chr. behoefteleer . . . . .	309
9.2.1	'n Mens het God nodig as grond en doel van ons bestaan	309
9.2.2	'n Mens het jou medemens nodig - die mens is dus die beeld van God . . . . .	310
9.2.3	Die mens het die skepping nodig as die basis van sy lewe	313
9.3	Ontwikkelinge binne die sekulêre mensbeeld . . . . .	314
9.3.1	Die beweging van die onbewuste en refleksmatige na bewussyn . . . . .	314
9.3.2	Die beweging vanaf 'n fisiologiese begrip van behoeftes na 'n simboliese uitdrukking van die inhoud van behoeftes	317
9.3.3	Die metodologiese onderskeid tussen behoeftes en ver- vullers . . . . .	319
9.3.4	Bestaan daar 'n hiërargie van behoeftes? . . . . .	320
9.3.5	Het die mens oneindige behoeftes? . . . . .	326
9.3.5.1	Is daar 'n oneindige aantal behoeftes? . . . . .	326
9.3.5.2	Benodig mense 'n oneindige aantal funksio- nele bevredigers? . . . . .	327
9.3.5.3	Begeer mense 'n oneindige aantal dinge? . . . . .	328
<b>III</b>	<b>Die taak van die kerk in die lig van die menslike behoefte</b>	<b>332</b>
<b>10</b>	<b>Benaderings tot bediening</b>	<b>334</b>
10.1	Die betekenis van die term <i>relevant</i> . . . . .	335
10.2	Die betekenis van die term <i>holisties</i> . . . . .	341
10.3	Twee gevallestudies . . . . .	343
10.3.1	Diens-evangelisasie (Service Evangelism) . . . . .	343
10.3.2	Transformasionele ontwikkeling ( <i>Transformational De- velopment</i> ) . . . . .	345
<b>11</b>	<b>Leemtes in hierdie studie</b>	<b>349</b>
11.1	Verdere navorsing in die Bybelwetenskap . . . . .	351
11.2	Verdere navorsing in dogmatiek en etiek . . . . .	352
11.3	Verdere missiologiese / prakties-teologiese ontwikkeling . . . . .	356

<i>INHOUDSOPGAWE</i>	xi
<b>Bibliografie</b>	<b>359</b>
<b>Summary in English</b>	<b>369</b>

## Samevatting

Die taak van die dogmatiek is om die Christelike geloof samehangend te artikuleer, die waarheid daarvan teenoor ander gelowe en denkrigtings te verdedig en die kerk te lei ten opsigte van haar taak. Die vraag na wat mense nodig het, hoort by die essensie van die Christelike antropologie omdat dit direkte implikasies het vir hoe die verhouding met God en die medemens gesien word en wat die kerk in haar daaglikse bediening doen. Die bediening van die kerk vind plaas binne 'n konteks, plaaslik en globaal, wat gekenmerk word deur 'n wanbalans tussen behoeftes en middele. Tog is daar min sistematiese teologieë wat hierdie tema sistematies ontleed, met Nürnberger as 'n uitsondering. Aan die ander kant is daar sterk ontwikkelde sekulêre behoefte-antropologieë.

Die materiaal van die dogmatiek word tradisioneel onder verskillende *loci* behandel, hoewel daar ook ander indelingsmetodes is. Daar is verskeie tradisies van rangskikking van die *loci* wat meermale op verskillende teologiese benaderings dui. Hierdie studie behandel die inhoud van die Christelike geloof onder die indeling van die werk van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. So word 'n analitiese benadering vermy wat die wese van God van die gelowige se ervaring en hoop op Hom skei. Sedert die tyd van die skolastiek is dit gebruiklik om ook voor die behandeling van die inhoud van die geloof die kenteoretiese voorveronderstellings daarvoor te behandel. Hierdie *prolegomena* maak soms gebruik van die konsep van menslike behoeftes. Veral Tillich se korrelasie-metode gebruik die mens se behoefte as vraag waarop die geloofsartikulasie dan die antwoord verskaf. Die algemene godsdienstige behoefte van die mens word ook as *prolegomenon* gebruik. Berkhof is hiervan 'n voorbeeld. Geloof is by hom 'n sprong vanuit die algemene godsdienstige patroon. Vir sommige denkers, soos Feuerbach, is die menslike behoefte aan God die bewys dat geen god bestaan nie maar 'n versinsel van die mens is.

Wanneer die leer oor God in verband gebring word met menslike behoeftes blyk die leer oor die goedheid van God asook die leer oor God se skepping en onderhouding van die wêreld van besondere betekenis te wees. In die lig van die geloof dat God alles goed gemaak het en alles onderhou, word die tekorte in die menslike bestaan 'n probleem. Die sterflikheid van die mens is egter nie op sigself iets boos nie, maar die oriënteer die mens op God.

Jesus het self ontbering geken maar was terselfdertyd totaal gemoti-

veerd vir sy missie wat die wil van God was. By Hom is sy ontbering heeltemaal gerelativeer deur sy motivering. Die Christen glo in die verlossing wat Jesus bewerk as iets wat beide 'n toekomstige asook 'n huidige dimensie het. Verlossing in die eskatologiese sin bestaan uit die wegneem van die bedreiging van die lewe, die opheffing van die beperkings waaronder sekere behoeftes soos lewensonderhoud nou funksioneer en die aktualisering van die mens se behoeftes ten opsigte van verhoudings met God en medemens asook met die skepping. Verlossing in die huidige beteken dat die mens se behoeftes voorlopig vervul word deur die moontlikheid om te lewe in geloof, hoop en liefde. Die nuwe lewe wat die gelowige van die Heilige Gees ontvang is die begin van die ontplooiing van ons bestemming en dus die aktualisering van ons ware behoefte. Die gelowige vind vervulling van sy behoeftes binne die gemeente as die liggaam van Christus waar hy dien en gedien word. Deur die krag van die Gees kan 'n gelowige in liefde tot God en die naaste leef en so groei en vervulling beleef.

Die betekenis van die antropologiese ontwerp van Karl Barth vir die Christelike leer oor menslike behoeftes is eerstens dat dit die stoffikheid van die mens beklemtoon en alle dualisme tussen stof en gees verwerp. Volgens Barth het die mens behoefte aan God omdat God die mens so gemaak het. Om teen God te kies is nie vryheid nie maar onvryheid en nie selfverwesenliking nie maar selfverdeling. Daar is geen ander weg tot menslike selfkennis as juis die kennis van God nie. Hierdie kennis word deur God aan ons geopenbaar en maar die mens beskik nie daarvoor nie.

Deur Jesus weet Christene dat die mens vir God bestaan omdat God vir die mens is. Barth se antropologie impliseer die universele menslike behoefte aan God. God is die bestemming en die voorwaarde van die mens se bestaan. Die mens se wese word gerealiseer in 'n geskiedenis saam met God en ander. Vryheid is selfrealisering in liefde tot God en die naaste. Die antropologie van Barth veronderstel 'n onderskeid tussen die mens se behoefte en sy begeerte. Die begeerte is kenbaar vir die wetenskap maar die behoefte hou verband met die mens se wese: dit word geopenbaar. Barth se beklemtoning van die geskiedenis wat tussen God en die mens afspeel en die mens se vryheid dui daarop dat behoefte by Barth sterk verwant is aan die begrip van *behoefte as potensiaal*.

Die mens bestaan as bondgenoot van sy medemens en is bestem om die bondgenoot van God te word. Die basiese vorm van die menslike

bestaan is die behoefte aan die medemens. So het 'n mens ander nodig om jousef te wees. Dit kom duidelik na vore in die struktuur van die mens as man en vrou. Vir Barth korrespondeer die mens se wese en bestemming. Die mens se wese is sy ontmoeting met sy medemens. Sy bestemming is sy verhouding tot God. Barth se formulering dat die mens deur die Gees die siel van sy liggaam is, hou in dat 'n behoeftehiërargie wat die liggaamlike bo die siel plaas, verwerp word. Dit beteken ook dat die mens se behoefte nie verstaan word in terme van drange los van die subjek nie.

Die behoefte aan God is volgens Barth die basis en konteks vir al die mens se ander behoeftes. God is dit waaroor die mens glad nie kan beskik nie en waaraan hy absolute behoefte het. Die mens kan eintlik net werklik vir God liefhê en begeer juis omdat hy nie oor hom beskik nie. Alles anders wat die mens begeer en liefhet is die getuienisse van God. Soos die mens alles van God ontvang as die enigste menslike behoefte, is hy ook sy lewe aan God verskuldig. God is volgens Barth die enigste rigpunt vir die menslike wil. God is die ware objek van alle menslike tekort en potensiaal. Dit beteken konkreet dat die algemene menslike behoefte (hier bedoel as tekort en vryheid) van geweldige teologiese betekenis is - veral wanneer in ag geneem word dat daar vir Barth nie so iets soos 'n spesifiek godsdienstige behoefte is nie. Elke menslike tekort en potensiaal funksioneer binne Barth se antropologie as getuienis van die mens se behoefte aan God en se bestemming by God.

Die mens se behoefte aan tyd en identiteit is ook die behoefte aan God omdat die teenwoordigheid van God die gawe van die tyd is. Dat die mens se tyd eindig is, beklemtoon soos niks anders nie dat hy God nodig het. Juis hierdie tekort in ons bestaan oriënteer ons op God.

Pannenberg volg in sy fundamenteel-teologiese antropologie 'n ander metode as dié van Barth. Sy gevolgtrekkings is egter baie naby aan Barth s'n. Die implikasies van sy argument vir 'n leer oor menslike behoeftes ontvou in vier bewegings. 1. Die mens as organiese wese het organiese behoeftes maar die manier waarop hy dit bevredig is deur sy wêreldopenheid. 2. Die mens as bewuste subjek het persoonlike behoeftes maar dit word bevredig deur die saambestaan van die mens met sy medemens. 3. Die mens is 'n sosiale wese met sosiale behoeftes maar daardie behoeftes word bevredig binne 'n oorkoepelende betekenisgeheel. 4. Die mens realiseer sy wese in die tyd. Die betekenis van die geheel is nie voltooi binne die tyd nie. Daardie betekenis maak



egter die mens se wese moontlik. Die mees finale en absolute horison van betekenis is God. Die goddelike gawe van die Gees is dit wat die mens se hele bestaan onderlê en van hom 'n menslike persoon maak.

Vervolgens behandel ek nog twee *loci* van die dogmatiek, naamlik die sonde en die kerk. Die sondeleer handel oor die mens se verbreking van sy verhouding met God en sy verydeling van sy eie bestaan. Ek ontleed hier die sonde onvermoë, besoedeling en skuld. In verband met menslike behoeftes is die sonde as onvermoë die organiese onmoontlikheid tot selfrealisering. Sonde as besoedeling beteken dat die mens ingebed is in 'n gemeenskap waarvan hy volkome afhanklik is, maar waarin die sonde reeds op die persoonlike, gemeenskaps- en betekenisvlak bestaan. Dit lei tot die verydeling van die persoon deur die onvermoë tot liefde, die verydeling van die gemeenskap deur wantroue en vals vertroue en die verydeling van die kultuur deur nihilisme en vals hoop (afgodery). Sonde as skuld is nie die faling van die subjek nie, maar die doelbewuste poging van die subjek om homself te realiseer los van en teenoor God en die naaste.

Die leer oor die dimensies van die kerk as een, heilig, katoliek en apostolies belig die tema van menslike behoeftes op 'n unieke manier. Die Christelike geloof bely die kerk as 'n antropologiese noodsaaklikheid deur die verklaring dat niemand die reg het om hom van die ware kerk af te skei nie. Die eenheid, katolisiteit en heiligheid van die kerk is tegelyk die kerk se verwagting en opdrag. Daarenteen hoop die kerk om sy apostoliese karakter te verloor deur die direkte teenwoordigheid van Jesus met sy wederkoms. Die eenheid van die kerk impliseer die mens se fundamentele behoefte aan sy medemens. Die heiligheid van die kerk impliseer die mens se behoefte aan 'n verhouding met God. Die mens se sonde staan tussen hom en God en daarom impliseer die hoop op die heiligheid van die kerk ook die behoefte aan herstel van die verwording waarin hom bevind. Die geloof in die katolisiteit van die kerk beteken dat menslike behoeftes universeel is. Die belydenis van die kerk as apostolies is gegrond op die veronderstelling dat die woorde, dade en lot van Jesus van Nasaret vir alle mense fundamenteel relevant is.

In die psigologiese antropologie sedert die begin van die twintigste eeu het daar 'n sekere beweging weg van die fokus op die dierlike plaasgevind. Waardes is al hoe meer gebruik om die inhoud van behoeftes mee uit te druk. Daar word ook al hoe skerper onderskei tussen behoeftes en vervullers. Hierdie fokus op die simboliese en die voorlopige maak

dit makliker om die teologiese interpretasie van behoeftes met sekulêre behoefte-teorieë in gesprek te laat tree.

Die geloof oneindige behoeftes vloei nie noodwendig uit die empiriese bevindinge van die ekonomie voort nie. Die verskynsel van dalende grensnut, waaruit die vraagkromme afgelei word, dui juis op behoeftes beperk is. Skaarheid is 'n antropologiese kategorie weens die beperktheid van die mens se tyd en vermoë. Sen se bydrae tot die ontwikkelings-ekonomiese is juis dat hy, teenoor die konvensie van veral die jare sewentig van die vorige eeu, 'n nie-hierargiese beeld van menslike behoeftes het. Vryheid funksioneer by hom as die doel en die middel van ontwikkeling. Vryheid het egter 'n substantiese basis.

Samevattend is die betekenis van die behoefte-begrip vir die Christelike geloof die volgende. Die Christelike geloof glo dat die mens God nodig het as sy diepste tekort en sy hoogste potensiaal. God is die grond en die doel van die mens. Die verhouding tot die medemens funksioneer as die medium waarbinne alle behoeftes bestaan. So het mense mekaar fundamenteel nodig om hulleself te kan wees. Die immanente behoeftes is egter begrond en gerig op dit wat dit oorskry. Die mens se liggaam is sy materiële basis en die voorwaarde vir sy bestaan.

Die relevansie van die kerk se bediening beteken dat die kerk hom rig op die ware behoeftes van iemand maar op so 'n manier dat dit aansluiting vind by daardie persoon se begeerte. Daar bestaan dus 'n onderskeid tussen fundamentele en retoriese relevansie. Slegs waar daar aan albei voldoen word, is die kerk relevant. Die kerklike bediening is gerig op die mens in geheel. Holisme verskil van komprehensiwiteit daarin dat holisme ook gerig is op dit wat die geheel integreer. Die bediening van die evangelie is gerig op die vernuwung van 'n persoon se identiteit en só op haar hele lewe en al haar behoeftes.